## Deel jou hemelse rykdom met die geestelike bedelaars

**Lees: Handelinge 3: 1 – 10** **Teks: Handelinge 3: 6**

Wat het ons as kinders van die Here om aan die wêreld te bied? Vanuit ons self niks. Maar as gelowiges, mense wat deur God en Jesus Christus losgekoop is van die sonde het ons ‘n ryke skat om aan die wêreld te bied.

Ons lewe in ‘n wêreld wat soekend is na iets waarvan hulle self nie bewus is nie. Die wêreld is vol boemelaars, wat eintlik op soek is na meer as net geld, of drank of dwelms of een of ander aardse uitkoms. Ons het in God die antwoord.

Hier het ons te doene met ‘n arm man, wat as gevolg van sy gebrek sit en bedel voor die tempel. Dit is die roeping van die volk om sulke mense te ondersteun. Hulle wat gebrek het mag ook nie in die tempel ingaan nie. Daarom moet hy nou hier voor die tempel sit en bedel vir geld. Hy hoop maar iemand sien hom raak en help hom.

Ons kry daagliks met mense te doene wat so bedel. Maar wat is hulle werklike nood? Ons koop soms iets om te eet of drink. Ons gee dalk soms ‘n geldjie. Maar is dit al wat ons het om te bied? Is dit al wat hulle in werklikheid van ons vra?

In hierdie gedeelte loop Petrus en Johannes daar verby en sien hierdie man raak. Hulle is op pad tempel toe om te aanbid. Sodra hierdie kreupele man iets vra sien hulle sy werklike nood raak. Hy het nie geld nodig nie. Hy moet kan lewe.

Juis daarom draai Petrus na hom en sê: “Geld het ek nie; maar wat ek het gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret staan op en loop.” Deur die krag van God, Vader, Seun en Heilige Gees word hierdie man gesond en kan hy dadelik opstaan en begin loop.

As Petrus sy hand uitsteek dan vat die man in geloof Petrus se hand. Hoeveel verwondering moes hierdie man en ander wat dit raaksien, nie ervaar het nie. Hy ontvang soveel meer as wat hy gevra het.

Maar hoeveel verskil maak ons in die lewe van mense rondom ons? Ons kan ‘n brood koop, of ‘n geldjie gee. Maar al hierdie dinge is so tydelik. Die Here het Juis Sy Gees in hierdie wêreld uitgestort sodat die Koninkryk van God kan groei en uitbrei. As ons iets tydelik gee hoe gaan groei plaasvind?

As ons egter iets meer permanent gee, nee iets wat ewigheidswaarde het hoeveel te meer sal dit nie daardie persoon se lewe raak nie? Kan ons hulle nie die vreugde en blydskap wat ons ervaar deur ons verlossing aan hulle bied nie?

Hulle het 'n geweldige groot agterstand indien hulle nie besef dat hulle verlossing buite hulleself lê in Jesus Christus nie. Waarom vertel ons hulle nie daarvan nie? Waarom deel ons nie aan hulle die vreugde van die verlossing in Christus nie? Dit is mos eenvoudig. Dit kos niks, en tog is dit 'n ryke skat.

Hierdie skat maak al die verskil in mense lewens. Kyk hoe raak dit lewe van hierdie man wat gesond geword het. Hy loop en spring en prys God vir alles wat hy ontvang het. Hy kry soveel meer. Hy kan nou in die tempel ingaan. Hy kan nou gaan werk. Hy kan nou lewe. Hy het 'n manier om 'n gesin te kan onderhou.

Vir mense wat tot geloof kom bied die Gees van die Here soveel meer aan. Daar is vreugde en blydskap. Daar is die vooruitsig van die ewigheid. Daar is die wete dat jy nie jou lewenspad alleen stap nie. Daar is die wete dat die Gees as jou Trooster intree. Jesus Christus self tree vir jou in by die Vader. So word mens dan kind van die Here.

Onthou mense hoef nie op die straat hoeke te staan en bedel om nood te hê nie. Mense hoef nie ongelowig te wees om nood te hê nie. Elkeen wat oor jou pad kom het nood op een of ander manier en jy het die geleentheid as kind van die Here om 'n verskil te maak in daardie een se lewe. Dit deur die Woord van die Here aan hom of haar te bring.

Gaan dan heen en sien raak die nood wat om jou is en vra leiding deur God se Gees sodat daar 'n verskil gemaak kan word in die lewe van ander wat elke dag met jou in aanraking kom.

**Ds. Neville Boy**
**2 Februarie 2020**